# Prosesvloei: Aanstelling van 'n Fakulteitsdekaan

Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT

## REKTORAAT

Prosesbestuur: Afdeling Menslike Hulpbronne (MHB). MHB is die sameroeper en sekretariaat van die SAK.

## SENIOR AANSTELLINGSKOMITEE (SAK)

Die SAK beskik oor die finale aanstellingsgesag en rapporteer die finale besluit aan die Senaat en Raad.

## MENSLIKE HULPBRONNE (MHB)

Die Rektor, in oorleg met die Rektoraat, inisieer die proses nege (9) maande voordat die betrokke dekaan se termyn verstryk of wanneer 'n nuwe fakulteit gestig word.

Die Raad keur die samestelling van die Senior Aanstellingskomitee (SAK) goed.

Die SAK stel 'n advertensie saam wat die inherente vereistes van die pos, kwalifikasies en ander kriteria uitstip.

MHB staan die SAK by met die samestelling van die advertensie.

MHB adverteer die pos in die media en verrig strategiese werwing.

MHB moet toesien dat 'n voldoende poel geskikte kandidate aan die SAK voorgelê word.

Die SAK stel 'n voorlopige kortlys saam en voer onderhoude.

Die SAK stel 'n finale kortlys van verkieslik drie (3), maar nie minder as twee (2) geskikte kandidate saam.

NEE

Bladsy 2

# Prosesvloei: Aanstelling van ‘n Fakulteitsdekaan

## SENIOR AANSTELLINGSKOMITEE (SAK)

Die SAK beskik oor die finale aanstellingsgesag en rapporteer die finale besluit aan die Senaat en Raad.

## INSTITUSIONELE FORUM (IF)

## FAKULTEITSRAAD (FR)

Bladsy 1

Die SAK lê die finale kortlys, in alfabetiese volgorde, met kommentaar en vergesel van die kandidate se visiestellings en curricula vitae, aan die IF en FR voor.

**INSTITUSIONELE FORUM (IF)**

**FAKULTEITSRAAD (FR)**

**Gesamentlike vergadering van die IF en die FR**

- Die Rektor (of gedelegeerde) tree as voorsitter op.
- Die kandidate op die finale kortlys moet hulle visie aan die IF en die FR voorlê en vrae beantwoord.
- Die IF en die FR kry die geleentheid om hul voorkeur ten opsigte van die kandidate aan te dui met die oog daarop om die SAK te adviseer oor die IF en die FR se onderskeie voorkeurkandidaat.

Die SAK vergader en neem, na oorweging van die IF en die FR se aanbevelings, die finale besluit oor die aanstelling van ’n geskikte kandidaat by wyse van ’n absolute meerderheidstem (50% + 1) van die SAK-lede wat teenwoordig en stemgeregtig is.

Die SAK rapporteer die finale besluit aan die Senaat en Raad via die Registrateurskantoor (Sekretariaat van die Raad).